# Q&A

## *Tetzaveh*

# MIDRASH VRAE

www.houtkruis.co.za

# MIDRASH VRAE

## DIE GEDEELTES WAT ONS SAAM BESTUDEER IS:

**Torah:** Eks. 127:20 – Eks. 30:10
**Haftarah:** Eseg. 43:10- Eseg. 28 & I Sam 15
**B'rit Hadashah:** Heb. 13:5–21

1. Wat beteken "Tetzaveh"?
2. Wie is aangewys om namens die volk as priesters (kohanim) te dien? En wat se Piktogram prentjie skilder Abba Vader vir ons in die naam kohanim?
3. Watter tipe olie (shemen) is gebruik om die menora in die Tabernakel aan te steek? Hoekom nie sonneblomolie nie?
4. Is alle Leviete priesters?
5. Hoekom kies Abba Vader spesifiek Aäron as die eerste Hoëpriester, en sy seuns as priesters? Is daar dalk 'n dieper prentjie opgesluit in hulle name?
6. Watter twee dinge word van die priesters vereis in hierdie week se gedeelte?
7. Hoekom dink jy is dit vir Abba Vader belangrik dat ons leer oor 'n skaalmodel van Sy troonkamer (die Tabernakel), en oor wat die priesters en Hoëpriester moes dra?
8. Waarom moes "heilige klere" vir die kohanim gemaak word, en wat was die doel van die klere van die priesteramp?
9. Watter verskillende items moes deel uitmaak van Aäron, die Hoëpriester, se klere?
10. Hoe is die priesters vir hulle diens toegewy (avodah)?

11. Ons is vandag Abba Vader se heilige priesterdom (1 Petrus 2:9). Wat vereis dit om deel te wees van Abba Vader se heilige priesterdom?

12. Aan die agterkant van die borsplaat van die Hoëpriester was daar 'n sakkie. Wat was daarin, en wat was die betekenis daarvan?

13. Wat is die naam van die daaglikse offer, en wat was daarvoor vereis?

14. Hoe dikwels moes reukwerk op die goue altaar in die Heilige Plek gebrand word?

15. Wat was gegraveer op die goue plaat (tzitz) wat aan die Hoëpriester se tulband vasgemaak is?

16. Die borsplaat word ook die borsplaat (choshen) van wat genoem?

17. Wat was op die borsplaat van die Hoëpriester, en hoekom?

18. Die Hoëpriester het ook 'n blou bokleed gedra. Hoekom blou, en wat was die betekenis daarvan?

19. Wat was aan die soom van die blou kleed, en hoekom?

20. Wat is met die bloed van die wydingsram gedoen? Het Yeshua dit kom vervul?

21. Hoekom is Saul as koning verwerp in die Haftarah-gedeelte?

22. Volgens die Nuwe-Testament-gedeelte van die week, wie is veronderstel om die sout van die aarde en die lig vir die wêreld te wees, en wat beteken dit? Wat het dit met priesters te doen?

23. Volgens die Nuwe-Testament-gedeelte, watter onophoudelike offer moet ons bring as 'n heilige priesterdom?